menlo-insig

13/2022

LIEWE MENLO

Vasberadenheid, selfbeheersing, lewenslus, sosiale intelligensie, dankbaarheid, optimisme en uitgestelde beloning.

In sy boek, *How Children Succeed: Confidence, Curiosity and the hidden power of Character*, vertel Paul Tough dat dié eienskappe die boustene van sukses is. Waarheid of mite? Dit kan die Insig nie bepaal nie, maar hier is volop bewys op Menlo-bodem dat Parkies wat hierdie karaktertrekke openbaar tog die vreugde van 'n positiewe resultaat ervaar.

Die Insig staan vandeesweek verstom oor die durf van die Menloparkers. Die astro wemel van hokkiespelers wat ons blou, wit en rooi met trots by die C-span Hokkiefees dra. Agt Parkies verruil Menlo se muurbalmondering vir Northerns-kleure. Ons ruiters deins nie vir hindernisse, uitdagings óf uithouritte terug nie. In hulle harte brand Menlo-trots en in hulle oë vonkel lewenslus. Op akademiese gebied behaal tweehonderd Menlo-matrikulante 'n gemiddelde persentasie van 75% of hoër aan die einde van die eerste kwartaal – absolut gefokus. Ons E- en F-netbalspanne se kragte word teen A- en B-spanne gemeet. Op papier staan hulle nie 'n kans nie, maar Menlo se vuur word nie deur papier geblus nie.

Watter afleidings oor Menlo se karakter kan uit hierdie statistiek gemaak word?

Menlo se karakter getuig van vasberadenheid en waagmoed. Dit spreek van durf – om 'n storm tegemoet te stap, onseker van die uitkoms, maar om steeds vorentoe te beur; om geleenthede te waardeer, al is die uitkoms nie waarvoor ons gehoop het nie. By Menlo weet ons dat dankbaarheid slegs moontlik is indien daar soms teleurstellings is en dat afdraandes 'n mens nie leer vasbyt nie. Op Menlo-bodem kies ons die opdraandepad, want ons weet: Die beloning is die uitsig op die kruin.

Die hoogste kan tog nie van 'n plato nagestreef word nie.

Excelsa Petamus!

MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

Skrif: Johannes 16:13

"Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig."

Menlo-ware

Pawiljoenkussinkies	R80	Bemarkingskantoor
Serpe	R100	Voorste kantoor

Betaling: Kaart of kontant by die skool se finansiële kantoor.

Menlo-klerebank

Die skool benodig u hulp.
Skenk asseblief skool- en sportdrag wat nie meer benodig word nie aan die skool se klerebank.

Prosedure

- **Stuur die skool- of sportdrag saam met u kind skool toe.**
- **Plaas die pakkie in die drom by die rekenaarsentrum.**

Baie dankie vir u bydrae.

Die voorraad in die klerebank is yl en daar is veral 'n behoefte aan kleurbaadjies met karakter.
Navrae: Me. Estelle Velloen (estelle.velloen@menlopark.co.za)

DAGBOEK

6/5 Seunshokkie: Vriendskaplik
Akademie: RTT-Olimpiade
Netbal en hokkie: AHMP

7/5 Rugby: Helpmekaar (Tuis)
Hokkie: AHMP

10/5 Koor & Junior koor: Eisteddfod

11/5 Menlo-gholfdag
Seunshokkie: C-spanne (Curro Hazeldean)
Tennis: Amanda Coetzer Uitnodigingstoernooi (Bloemfontein)
Netbal: Eldoraigne (Tuis)

12/5 Tennis: GN-liga (Junior seuns)

MENLO PERSONEEL

Menlo verwelkom nuwe rugbydirekteur

Die naam, Nico Luus, dwing respek af, want dit is die man agter Tuks se Varsitybeker-sukses. Alhoewel rugbygeesdriftiges hom as speler – eers vir QBR en later vir die Valke en die Leeus – leer ken het, is dit in die bankwese waar Nico sy loopbaan afgeskop het. Vaardighede wat gewoonlik met die korporatiewe wêreld geassosieer word, soos kommunikasie, menslikehulpbron- en risikobestuur, pas hy meesterlik in sy rol as afrigter op die rugbyveld toe. Dit is hier waar verdedigingslyne en aanvalspatrone haarfyn uitgewerk word om die opponente aan die verkeerde kant van die wedstrydplan te betrap. Hierdie rugbystrateeg is die argitek van vele oorwinnings en die hoofrede waarom die opponente die veld dikwels druipstert verlaat.

Nico is 'n boorling van Kempton Park en hy is, as Menlo-ouer, 'n bekende in Menlo-geledere. Daar is geen twyfel nie dat hierdie spelskepper 'n aanwins vir Menlo-rugby is.

Welkom in ons midde!

ALGEMEEN

Klik hier: www.menlopark.co.za

Die kuberruim spog met 'n nuwe toevoeging in die vorm van die skool se neutvars webtuiste. Ouers sal belangrike inligting, byvoorbeeld sportprogramme en toetsroosters hier opspoor. Volg gerus die volgende stappe om die sportprogramme te besigtig:

Tuisblad – Inligting – Kalender OF Tuisblad – Dokumente (op die rooi band) – Programme

Belangrike skakels: **Covid-regulasies** / **Toetsrooster: Kwartaal 2** / **Menlo-kalender**



Menlo se 2022-kalender

GEES

Kyk op. Staan op. Daag op.

Dit is die boodskap waarmee Menloparkers vandeesweek tydens opening geïnspireer is.

Kyk op: Die Klas van 2022 is vir hulle werk op die skoolbanke vereer. Hulle CV tot dusver lees soos volg:

Aantal matrieks met 'n gemiddelde % van 75 en hoër: 200
Aantal matrieks met 'n gemiddelde % van 90 en hoër: 26

Staan op: Heinrich Badenhorst se prestasie as die tiende Parkie-Protea is saam met die skool gevier, maar die pad na sukses was nie maklik nie. Heinrich het in die afgelope tyd verskeie uitdagings oorkom en met sy dapper optrede gewys dat hy sal opstaan wanneer die lewe probeer om hom plat te slaan.

Daag op: Mnr. Willem Strauss, president van die Blou Bulle Rugby-unie, het die matrieks gelukgewens en die leerders met 'n paar kwinkslae gemotiveer om te volhard, want sukses is slegs moontlik indien jy opdaag. Mnr. Nico Luus, Menlo se nuwe rugby-direkteur, is aan die skool voorgestel en by die Menlo-familie verwelkom.

Heinrich en die matrieks het die grondslag vir sukses met hulle prestasies gelê en die skool salueer hulle vir die manier waarop hulle opkyk, opstaan en opdaag. **#AbsolutRespek**

Menlo-woordkunstenaars ken die kuns van stories vertel

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns bied jaarliks 'n landswye skryfkompetisie aan. Dit is juis hier waar talle bekende storievertellers hulle skrywersdebuut gemaak het. Die Akademie is oudergewoonte vanjaar met puik inskrywings oorval en die taak om die beste werke uit te sonder, het die beoordelaars sekerlik hoofbrekens en slapelose nagte besorg.

Die uitslae is onlangs bekendgemaak en daar is nege Menloparkers wie se werk in die Poort se 2022-publikasie sal verskyn. Hierdie leerders is: Danie Schutte (Klas van 2021), Eras Schutte, Dannhauser van der Merwe, Klaradyn Moolman, Margitt Kruger, Albert Wilsenach, Albie Maree, Gardi van Niekerk en Jan-Paul de Beer.

Dannhauser van der Merwe is met sy werk, Seeseisoene, as een van die toppresteerders in die prosa-afdeling uitgesonder. Dieselfde eer het vir Danie Schutte (Die belletrie vloot) en Eras Schutte (1914) in die poësie-afdeling te beurt geval.

Baie geluk aan elkeen van hierdie leerders, asook aan me. Erika du Plessis vir haar aandeel in Menlo se sukses.

Toppresteerders bekend

Graad 8

20. Anke Erasmus; 19. Danielle Kohlmeyer; 18. Caitlin Read; 17. Mia de Waal; 16. Enya Pretorius; 15. Tayla Botha; 14. Lienka Bekker; 13. Xanté Strauss; 12. Luke du Plessis; 11. Nicholas Pretorius; 10. Karla van Rooyen; 9. Luan Visser; 8. Wynand Botha; 7. Zanté van der Hoven; 6. Inge Higgins; 5. Skye Smit; 4. Lauren Malan; 3. Le Roux van Wyk; 2. Erik Senekal; 1. Clara Serfontein (95.4%).

Graad 9

20. Daniela Minnaar; 19. Donné de Jongh; 18. Teneal Janse van Rensburg; 17. Megan Johnson; 16. Deané van Zyl; 15. Carla Sephton; 14. Elzette Fouche; 13. Lené Roos; 12. Isabella van Niekerk; 11. Chenay de Jager; 10. Wihan Vermeulen; 9. Ininke Human; 8. Telani Janse van Rensburg; 7. Melike Spies; 6. Gerhard Mahne; 5. Jean-Marie van den Berg; 4. Elsjé Groenewald; 3. Isabeau van Helsdingen; 2. Wilna Beetge; 1. Jasper Smit (92.8%).

Graad 10

20. Keira de Jager; 19. Genna Cloete; 18. Danielle Hogg; 17. Kristen de Wet; 16. Lente van Nieuwenhuizen; 15. Ruben van Biljon; 14. Kayleigh Rippel; 13. Christiaan Moodie; 12. Devan Matthee; 11. Janine Kirsten; 10. Rudolph Jordaan; 9. Altus Malan; 8. Rolandt Grosskopf; 7. Cari Billman; 6. Lize Booysen; 5. Hayley Booysen; 4. Mia van Dyk; 3. Viljee Smit; 2. Lelize van der Walt; 1. Danièlle de Wet (96.1%).

Graad 11

20. Shani Coetzee; 19. Rigardt Bosch; 18. Luca du Plessis; 17. Lana Verster; 16. Lilan Swanepoel; 15. Marisha Benade; 14. Martie van Wyk; 13. Monique van der Merwe; 12. Karlien Lambrechts; 11. Kiara Geldenhuys; 10. Mia van den Heever; 9. Erasel Boer; 8. Reghardt van Biljon; 7. Kristine Greyling; 6. Lamari Wagener; 5. Milandri Schutte; 4. Niencke Bloem; 3. Sheliza de Wet; 2. Dannhauser van der Merwe; 1. Mikal Venter (96.6%).

Graad 12

20. Evah Fourie; 19. SP Engelbrecht; 18. Burnett Steyl; 17. Gustav Malan; 16. PR Human; 15. Schalk Grobler; 14. Nicole Andrews; 13. Carla van Wyk; 12. Ansuné du Toit; 11. Albert Wilsenach; 10. Nika Eybers; 9. Courtney Andrews; 8. Jana Retief; 7. Jeanne Craig; 6. Chantelle Ferreira; 5. Carmie du Preez; 4. Johan Hanekom; 3. Nicola Vermeulen; 2. Kristen de Bruin; 1. Jeannedré Rosewall (97.9%).

SKAAK

Skaak*mat* vir opponente op Menlo se *skaak*matte

Die Insg wil nie tegnies raak of voorgee dat ons meer van skaak weet as wat werklik die geval is nie, maar die o. 17-span se oorwinning oor Pretoria Technical High is definitief nie op 'n tegniese punt beslis nie.

Die telling van 5,5 teenoor die opponente se 0,5 is 'n duidelike aanduiding dat die opponente nie hond haaraf teen die Parkies kon maak nie en dat hulle pion vir pion onder die mat ingevee is. Knap gedaan, Parkies!

Baie dankie aan me. Marcelle de Waal en die afrigters wat week na week hulle pêrels van wysheid met die skaakspelers deel.

SWEM

Swemseisoen eindig met 'n slag!

Verskeie Parkies was in die vakansie by streeksgalas betrokke en ons plaas graag die uitslae soos wat dit ons bereik. Die vergrootglas val vandeesweek op Rossouw Janson en Isabel Skinner se prestasies. Albei hierdie leerders was by die SA Regionals in Pretoria (Hillcrest) in aksie.

Rossouw: 100 m-vlinderslag (1ste); 50 m-vlinderslag (4de); 200 m-vlinderslag (4de); 400 m-vryslag (4de); 100 m-vryslag (7de).

Isabel: 100 m-vlinderslag (5de); 50 m-vlinderslag (6de); 100 m-vryslag (11 de); 50 m-vryslag (6de).

HOKKIE

Menlo-astro: C van hokkie-aksie

Menlo se astro het verlede week gasheer vir verskeie C-spanne tydens die C-span Hokkiefees gespeel. Baie dankie aan die afrigters en mnr. Warren Sangster vir hulle insette. Ons plaas graag die uitslae.

o. 14 C: vs. Garsfontein 0-1; vs. Eldoraigne 1-1; vs. Waterkloof 0-1; vs. AHMP C 0-2; vs. AHMP D 1-0.

o. 15 C: vs. Waterkloof 0-0; vs. AHMP 1-1; vs. Menlo 16 C 0-1; vs. AHMP 15 D 0-0; vs. AHMP 15 C 0-2; vs. Garsfontein 16 C 0-0.

o. 16 C: vs. Garsfontein 16 C 2-1; vs. Waterkloof 15 C 3-1; vs. Menlo 15 C 1-0; vs. AHMP 16 C 1-1; vs. AHMP 15 C 1-2; vs. AHMP 15 D 2-0.

Derdes: vs. Garsfontein 0-0; vs. Eldoraigne 0-0; vs. Waterkloof 0-0; vs. AHMP 3des 0-2; vs. AHMP 4des 2-0.

Menlo-hokkiemanne staan hul man in toptoernooi

Die Hibbert Shield-hokkietoernooi is 'n maatstaf van die standaard van seunshokkie in Suid-Afrika. Dit is hier waar die land se voorste hokkiespanne kragte meet en waar toeskouers met aksie uit die boonste rakke getrakteer word. Alhoewel die Menlo-manne se vaardighede soms tot die uiterste beproef is, het hulle hulleself uitstekend op die veld gehandhaaf. Hier volg die eerstespan se uitslae:

Menlo vs. Paul Roos: 1-2; Menlo vs. Pearson: 2-3; Menlo vs. York: 0-2; Menlo vs. DHS: 0-2; Menlo vs. SACS: 1-7; Menlo vs. St Charles: 5-2.

NETBAL

Handvol Parkies in Gauteng-spanne

Abby van Zijl, Amy van Staden, Minette Boshoff, Anke Nortjé en Luca Keun. Dit is die vyf Menlo-parkers wat na etlike uitspeel-rondes steeds bly staan het en die keurders met puik spel en senuwees van staal oorrompel het. Met hierdie wapens in hulle netbal-arsenaal het Menlo se netbalkwintet gewys dat hulle hulle plek in die pro-vinsiale spanne verdien. Dit is 'n reuseprestasie om as een van Gauteng se top-7-spelers uitgesonder te word en elkeen van hierdie spelers, asook Menlo se uitstekende afrigters onder leiding van me. Hanlie de Jongh en me. Jenni-lee Delport, verdien 'n veer in die hoed. #MenloNetbal #MenloTrots

Menlo-netbal: Eenvoudig Fenomenaal

Sommige van Menlo se netbalspanne was vandeesweek in die premierliga teen Hoërskool Voortrekkerhoogte in aksie. Baie dankie aan mnr. JC Vermaak vir die pragfoto's. Die aksie van die baan is sodoende reguit na Menlo-bodem verskuif. Die afrigters verdien 'n pluimpie vir die uitstekende werk wat hulle verrig - baie dankie!

Hier volg die uitslae (Menlo se telling is telkens eerste):

o. 14 E vs. o. 14 A: 23-1; o. 15 E vs. o. 15 A: 9-8; o. 14 F vs. o. 16 A: 15-18; o. 15 F vs. o. 15 A: 2-17; Derdes vs. Tweedes: 30-6; o. 17 B vs. Eerstes: 27-9.

PERDRY

Menlo-ruiters: koersvas, vaardig, vasberade!



Perdry, as 'n sport, is moeilik definieerbaar. Hierdie veelfasettige sportsoort bestaan uit verskillende dissiplines en om sukses te behaal, moet 'n verskeidenheid vaardighede bemeester word. Die Insig lewer graag verslag oor ons ruiters se goeie prestasies:

Paige Cronje (gr. 10) het haar staal verlede naweek by die Western Mounted Games in tien klasse gewys. Haar uitslae is soos volg: 3 x 2de plekke, 2 x 3de plekke, 1 x 4de plek, 3 x 5de plekke en 1 x 6de plek.

Janike Joubert (gr. 11) en haar perd, Baruch Wiapelo, het op 22 April aan 'n uithourit deelgeneem. Die gedugte span het die afstand van 80,8 km in 'n tyd van 3:47:08 kafgedraf en sodoende die eerste plek as Jongste Ruiter verower.

Ansuné du Toit (gr. 12) en haar perd, Lindens Legend, het op 27 April aan 'n Graded Showjumping-skou te Four-ways deelgeneem en 'n eerste plek behaal.

Baie geluk aan Menlo se ruiters wat nie skroom om die lang pad óf hindernisse aan te durf nie. Dit is dalk moeilik om die ingewikkelde sportsoort klein te kry, maar dit is nie moeilik om te verstaan dat ons ruiters absolut voor-treflik is nie.

SPORT

Wildeklawer: diamante vorm onder druk

Kimberley tree jaarliks as gasheer vir die Wildeklawer-toernooi – 'n wintersportfees wat mededingers van heinde en verre lok – op. Menlo se voorste rugby- en netbalspanne het die reis na die Noord-Kaap met harte vol hoop en opgewondenheid aangepak. Dit is veral die junior rugbyspanne wat gewys het dat hulle oor 'n goeie dosis vasbyt beskik en die skool is trots op hulle spelpeil.

Aan die netbalfront het die dogters deurgaans met puik spel beïndruk en die toernooi in die vyfde plek afgesluit.

Menlo se eie Luca Keun is as die toernooi se beste verdediger aangewys. Luca het menige opponent se moed in haar skoene laat sak, terwyl sy gerank het om die balle te onderskep. Knap gedaan!

Baie dankie aan die afrigters wat waardevolle insette lewer en nie net in die spel nie, maar ook in die spelers se karakters, investeer.

2022 se Wildeklawer-toernooi was 'n opwindende reis en ons sien daarna uit om die lesse wat daar geleer is in die toekoms toe te pas. Hou hierdie spasie dop.

MUURBAL

Menlo-wapen maak plek vir rooi madelief

Agt Menloparkers het die kenmerkende rooi madelief verlede naweek met trots by die SA Skole Country Festival Muurbaltoernooi gedra. Die agttal het sak en pak na die Rosestad gereis waar hulle na 'n ellelange busrit in Eunice se koshuis kon bene rek.

Dit is ook hier waar hulle ander muurbalgeesdriftiges van reg oor die land ontmoet het.

Die MMA het, onder leiding van me. Liz Mackenzie, in die laaste paar jaar van krag tot krag gegaan en die skool is trots op ons uithalerspelers wat die skool en die provinsie se naam met puik spel en goeie sportmangees hoog hou. Knap gedaan!

Die Menloparkers wat die provinsie verteenwoordig het, is: Dian Jacobs, Dean van Zyl, Janco van Biljon, Kaela van Zyl, Richus Erdmann, Ruan Hendriks, Shane Grant en Xélynn Carney.

SPOG

Menlo-krieketspeler is jongste Protea ooit

Heinrich Badenhorst is 'n Parkie wat soggens 'n goeie skeut vasberadenheid en toewyding saam met sy koffie neem.

Heinrich is met marmerbeensiekte, 'n seldsame toestand wat sy gehoor aantas, gebore. Hierdie uitdaging was nie genoeg om hom van die krieketveld te weerhou nie en die talentvolle speler het vinnig naam as 'n veelsydige bouler gemaak. Sy harde werk is verlede jaar met 'n plek in die Titans-span vir dowe spelers beloon en die skool het pas verneem dat Heinrich in die senior Protea-span vir dowe spelers opgeneem is om hulle slag by die T20-Wêreldbeker in Katar te gaan wys. Menlo-krieket wens graag vir Heinrich met hierdie besonderse prestasie geluk. #MenloKrieket #MenloYwer #MenloTrots

MENLO Koor

Menlo-koorfees

Saterdag 14 Mei 18:30 | Menlo-skoolsaal

Deelnemende kore: • Afrikaanse Hoër Meisieskool • Hoërskool Overkruin • Hoërskool Rustenburg • Menlo: junior koor • Menlo-koor

Kaartjies kos R50 en is beskikbaar by Menlo-ontvangs en by die deure.

Menlo-gholfdag 2022



Datum:
11 Mei 2022

Plek:
Pretoria Country Club

Program:
09:00–10:30 Registrasie
11:00 Shotgun start
17:30 Prysuitdeling en veiling

Formaat:
Four ball Alliance – two scores to count on par 4's, three scores to count on par 3's and par 5's.

Koste:
Koste per vierbal beloop R6 500 en sluit die volgende in:

- Speelkoste
- Halfweghuis
- Karretjies
- Ete en prysuitdeling na die rondte

Borgskappe:
Platinum borgskap: R6 500 *Goue* borgskap: R4 500

Kontak:
Mnr. Nico van Eeden by nico.vaneeden@menlopark.co.za
Mnr. Kwagga Loubser by kwagga.loubser@menlopark.co.za

www menlopark.co.za AbsolutMenlo

MARKPLEIN

House For Sale!

SECURE, ECO-FRIENDLY 5 BEDROOMS, 3 BATHROOMS HOUSE, SEPARATE FLAT

This hidden panhandle property was comprehensively renovated, upgraded and modernised - ready to move in! Located in a quiet street - no thoroughfare and part of an enclosed area - final closure due end June 2022. Walking distance from die Hoërskool Menlo Park, 2kms from Laerskool Menlopark, Laerskool Lynnwood and Brooklyn Primary.

Wifi infrastructure for comprehensive coverage, hybrid solar geysers, rainwater harvesting, 'Sonoff' Smart Switches, CCTV Cameras, 5 zone alarm and trellidors.
5 Spacious bedrooms – 2 with on-suite bathrooms, one of which has its own kitchenette. Separate 2 bedroom flat, ample parking, small study, domestic quarters and swimming pool.

For more information, please contact Zizzilee 072 299 0944

PRIVATE PROPERTY